

12 Maart

1 Samuel 17:1-11, (Teks: 17:11)

Reaksie op 'n uitdaging

Goliat word in die Skrif voorgestel as 'n baasvegter in die Filistynse leer. Sy voorkoms is indrukwekkend. Buiten dat hy 'n reus is (hy is meer as drie meter lank!), hanteer hy die mees gevorderde wapentuig van daardie dae. Daarby beskik hy oor die vermoë om met sy woorde ontsag in te boesem.

Dit was Goliat se gewoonte om soggens en saans uit die Filistynse laer uit te kom en die leer van die Israeliete met sy geskreeu te intimideer. Die boodskap wat hy oordra, is duidelik: "Ek daag die slagordes van Israel vandag uit!" Hierdie uitdaging is meer as bloot sielkundige oorlogvoering. Goliat daag die "slagordes van die lewende God uit". Hy daag God Self uit. Hy sê die stryd teen die verbondsvolk en die Verbondsgod aan.

Koning Saul en die manskappe van Israel se reaksie op Goliat se uitdaging is ontstellend. Hulle was verskrik en baie bevrees. Waarom? Omdat hulle hulleself blindstaar teen die goedgewapende heiden-reus. Hulle vrees vir die mens oorwoeker hulle eerbied vir die lewende God. Niemand sien kans om die lasterende baasvegter te weerstaan nie. Koning Saul gaan selfs so ver om 'n beloning uit te loof vir dié man wat die Godslasteraar verslaan. Dit getuig nie van moedige optrede in diens van God nie. Inteendeel, hierdie is 'n ongeloofsreaksie op 'n blatant Godsonterende uitdaging.

Hoeveel ongeloofsreaksie kom in ons daaglikse lewe voor? Godvrees laat 'n mens kragdadig optree, ongeag die grootte van die vyand, want in Christus is ons meer as oorwinnaars.

Ds. G.J. Meijer (Wonderboompoort)